Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST**
**BUITELANDS 30c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 182] KAAPSTAD, 1 AUGUSTUS 1980 / CAPE TOWN, 1 AUGUST 1980 [No. 7150

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1525. 1 Augustus 1980.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 97 van 1980: Wysigingswet op die Pensioenwette, 1980.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1525. 1 August 1980.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 97 of 1980: Pension Laws Amendment Act, 1980.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings, 1963, ten einde die bevoegdheid van die Minister om regulasies uit te vaardig, uit te brei; tot wysiging van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971, ten einde die grondslag vir die bepaling van die tydperk waarna sekere lede met provinsiale diens op pensioene en gratifikasies geregtig word, te verander; tot wysiging van die Regeringsdienspensioenwet, 1973, betreffende lidmaatskap van die Regeringsdienspensioenfonds; tot wysiging van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, ten einde gekonsolideerde pensioene af te skaf en voorsiening te maak vir die betaling van ander pensioene in die plek daarvan; en verdere voorsiening te maak vir die vermindering van 'n pensioen nadat 'n gratifikasie betaal is; tot wysiging van die Wet op Pensioene van Regters, 1978, ten einde verdere voorsiening te maak vir weduweespensioene; tot wysiging van die Algemene Pensioenwet, 1979, betreffende sekere woordomskrywings; ten einde vir die instelling van die Stabilisasierekening vir Siviele Pensioene voorsiening te maak; die Minister se bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, uit te brei; voorsiening te maak vir die pensioenbydraes wat deur die Sekretaris van die Parlement gemaak moet word; die betaling van 'n pensioen aan die weduwee van 'n voormalige Staatspresident verder te reël; en om voorsiening te maak vir die betaling van 'n gratifikasie aan begunstigdes wat deur 'n lid van 'n pensioenfonds aangewys word; om voorsiening te maak vir die uitleg van sekere uitdrukkings; om sekere wetsbepalings te herroep; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 1 Julie 1980.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 2 van Wet 41 van 1963, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 86 van 1970 en artikel 2 van Wet 97 van 1972.

**1.** Artikel 2 van die Wet op die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings, 1963, word hierby gewysig—

*(a)* deur na paragraaf *(a)* van subartikel (2) die volgende paragraaf in te voeg:

„*(aA)* voorsiening daarvoor maak dat persone wat bydraers is tot die Voorsorgfonds vir Geassosieerde Inrigtings ingestel by artikel 3 van die Wet op die Voorsorgfonds vir Geassosieerde Inrigtings, 1971 (Wet No. 11 van 1971), onthef word van alle verpligtings teenoor en afstand doen van alle regte en voorregte in genoemde voorsorgfonds en lede word en bydra tot die fonds, indien hulle aldus kies;''; en

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Associated Institutions Pension Fund Act, 1963, so as to extend the powers of the Minister to make regulations; to amend the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971, so as to change the basis for the determination of the period after which certain members with provincial service become entitled to pensions and gratuities; to amend the Government Service Pension Act, 1973, regarding membership of the Government Service Pension Fund; to amend the Military Pensions Act, 1976, so as to abolish consolidated pensions and to provide for the payment of other pensions in the place thereof; and to further provide for the reduction of a pension after a gratuity has been paid; to amend the Judges' Pensions Act, 1978, so as to make further provision for widows' pensions; to amend the General Pensions Act, 1979, regarding certain definitions; so as to provide for the establishment of the Civil Pensions Stabilisation Account; to extend the powers of the Minister to make regulations; to provide for the pension contributions to be made by the Secretary to Parliament; to further regulate the payment of a pension to the widow of a former State President; and to provide for a gratuity to be paid to beneficiaries designated by a member of a pension fund; to make provision for the interpretation of certain expressions; to repeal certain laws; and to provide for incidental matters.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 1 July 1980.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 2 of Act 41 of 1963, as amended by section 1 of Act 86 of 1970 and section 2 of Act 97 of 1972.

**1.** Section 2 of the Associated Institutions Pension Fund Act, 1963, is hereby amended—

*(a)* by the insertion after paragraph *(a)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(a*A) make provision for persons who are contributors to the Provident Fund for Associated Institutions established by section 3 of the Associated Institutions Provident Fund Act, 1971 (Act No. 11 of 1971), to be released from all obligations towards and to relinquish all rights and privileges in the said provident fund and to become members and contribute to the fund, if they so elect;"; and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) deur die volgende paragraaf by subartikel (2) te voeg:

„(*h*) die voorwaardes voorskryf waarop 'n lid wat afgestaan word vir diens ten opsigte waarvan hy nie onder 'n verpligting staan om tot die fonds by te dra nie, kan voortgaan om tot die fonds by te dra.".

Wysiging van artikel 6 van Wet 81 van 1971, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 77 van 1974 en artikel 4 van Wet 49 van 1979.

**2.** Artikel 6 van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1971, word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (*a*) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel is daar, by die beëindiging van sy diens, aan 'n lid wie se diens op of na 1 Januarie 1979 ten einde loop en wat minstens agt jaar **[pensioengewende]** kwalifiserende diens gehad het—";

(*b*) deur in subartikels (2) en (3) die woord „pensioengewende" deur die woord „kwalifiserende" te vervang; en

(*c*) deur die volgende subartikel by te voeg:

„(6) In hierdie artikel beteken ‚kwalifiserende diens' pensioengewende diens en, in die geval van 'n lid wat 'n keuse bedoel in artikel 4 gedoen het, ook daardie helfte van so 'n lid se pensioengewende diens ingevolge die toepaslike pensioenordonnansie wat nie ingevolge daardie artikel as pensioengewende diens geag word nie.".

Wysiging van artikel 5 van Wet 57 van 1973, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 83 van 1976.

**3.** Artikel 5 van die Regeringsdienspensioenwet, 1973, word hierby gewysig—

(*a*) deur die woord „of" by paragraaf (*d*) van subartikel (2) te voeg; en

(*b*) deur die volgende paragraaf by subartikel (2) te voeg:

„(*e*) in artikel 3 (*b*) van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), bedoel.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 84 van 1976, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 26 van 1977.

**4.** Artikel 1 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, word hierby gewysig—

(*a*) deur in subartikel (1) die omskrywings van „formule III", „formule IV" en „gekonsolideerde pensioen" te skrap;

(*b*) deur in subartikel (1) die omskrywing van „lid" deur die volgende omskrywing te vervang:

„ ‚lid', behoudens die bepalings van artikel 21, 'n lid van die Burgermag of 'n Kommando of die Reserwe genoem in artikel 5 of 6 van die Verdedigingswet **[maar nie ook sodanige lid wat 'n beampte of werknemer is soos in artikel 2 (3) van die Wysigingswet op die Pensioenwette, 1974 (Wet No. 15 van 1974), omskryf nie]**;";

(*c*) deur paragraaf (*a*) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*a*) Enige bedrag of getal wat ingevolge die omskrywing van formule I of formule II **[of formule III]** deur die Minister bepaal kan of moet word, word by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal en verskillende bedrae of getalle kan aldus ten opsigte van verskillende bevolkingsgroepe of kategorieë persone bepaal word."; en

(*d*) deur in paragraaf (*b*) van subartikel (2) die woorde „of 'n gekonsolideerde pensioen" te skrap.

Wysiging van artikel 3 van Wet 84 van 1976, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 26 van 1977.

**5.** Artikel 3 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, word hierby gewysig deur paragraaf (*e*) van subartikel (1) te skrap.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*b*) by the addition to subsection (2) of the following paragraph:

"(*h*) prescribe the conditions on which a member who is seconded for employment in respect of which he is not liable to contribute to the fund, may continue to contribute to the fund.".

Amendment of section 6 of Act 81 of 1971, as amended by section 8 of Act 77 of 1974 and section 4 of Act 49 of 1979.

**2.** Section 6 of the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Act, 1971, is hereby amended—

(*a*) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (*a*) of the following words:

"(1) Subject to the provisions of this section there shall, on the termination of his service, be payable to a member whose service terminates on or after 1 January 1979 and who has had not less than eight years of **[pensionable]** qualifying service—";

(*b*) by the substitution for the word "pensionable" in subsections (2) and (3) of the word "qualifying"; and

(*c*) by the addition of the following subsection:

"(6) In this section 'qualifying service' means pensionable service and, in the case of a member who made an election in terms of section 4, includes that half of such a member's pensionable service under the applicable pensions ordinance which is not in terms of that section deemed to be pensionable service.".

Amendment of section 5 of Act 57 of 1973, as amended by section 1 of Act 83 of 1976.

**3.** Section 5 of the Government Service Pension Act, 1973, is hereby amended—

(*a*) by the addition to paragraph (*d*) of subsection (2) of the word "or"; and

(*b*) by the addition to subsection (2) of the following paragraph:

"(*e*) referred to in section 3 (*b*) of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957).".

Amendment of section 1 of Act 84 of 1976, as amended by section 1 of Act 26 of 1977.

**4.** Section 1 of the Military Pensions Act, 1976, is hereby amended—

(*a*) by the deletion in subsection (1) of the definitions of "consolidated pension", "formula III" and "formula IV";

(*b*) by the substitution in subsection (1) for the definition of "member" of the following definition:

"'member' means, subject to the provisions of section 21, any member of the Citizen Force or any Commando or **[of]** the Reserve mentioned in section 5 or 6 of the Defence Act **[but excluding such member who is an officer or employee as defined in section 2 (3) of the Pension Laws Amendment Act, 1974 (Act No. 15 of 1974)]**;";

(*c*) by the substitution for paragraph (*a*) of subsection (2) of the following paragraph:

"(*a*) Any amount or number which is permitted or required to be determined by the Minister in terms of the definition of formula I or formula II **[or formula III]** shall be determined by notice in the *Gazette* and different amounts or numbers may so be determined in respect of different population groups or categories of persons."; and

(*d*) by the deletion in paragraph (*b*) of subsection (2) of the words "or consolidated pension".

Amendment of section 3 of Act 84 of 1976, as amended by section 2 of Act 26 of 1977.

**5.** Section 3 of the Military Pensions Act, 1976, is hereby amended by the deletion of paragraph (*e*) of subsection (1).

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





Invoeging van artikel 4A in Wet 84 van 1976.

**6.** Die volgende artikel word hierby in die Wet op Militêre Pensioene, 1976, na artikel 4 ingevoeg:

„Betaling van pensioene in plaas van gekonsolideerde pensioene.

**4A.** Die betaling aan iemand van 'n gekonsolideerde pensioen ooreenkomstig die bedoeling van hierdie Wet voor die wysiging daarvan deur die Wysigingswet op die Pensioenwette, 1980, word vanaf 1 April 1980 gestaak en in die plek daarvan word aan so iemand die pensioen beoog in artikel 4 wat die Minister aanwys, betaal: Met dien verstande dat die pensioen wat aan so iemand betaalbaar is, nie minder as die gekonsolideerde pensioen bedra wat andersins aan hom op daardie datum betaalbaar sou gewees het nie.".

Wysiging van artikel 5 van Wet 84 van 1976.

**7.** Artikel 5 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Indien 'n pensioen ingevolge artikel 4 *(a)* aan 'n lid toegeken word binne 'n tydperk van 40 maande nadat 'n gratifikasie ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel aan hom betaal is, word enige pensioen of pensioene wat ingevolge paragraaf *(a)* of paragrawe *(a)* en *(b)* van artikel 4 aan hom betaal word, verminder met een-veertigste van die bedrag van die gratifikasie wat aldus aan hom betaal is tot en met die laaste dag van die veertigste maand nadat **[die eerste bedoelde vermindering gedoen is]** die lid op bedoelde gratifikasie geregtig geword het of tot die datum waarop sodanige pensioen of pensioene gestaak word, watter datum ook al die vroegste is.".

Herroeping van artikel 8 van Wet 84 van 1976, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 26 van 1977.

**8.** Artikel 8 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, word hierby herroep.

Wysiging van artikel 11 van Wet 84 van 1976.

**9.** Artikel 11 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, word hierby gewysig deur in paragrawe (i) en (ii) van subartikel (3) die uitdrukking „formule IV" deur die uitdrukking „formule I" te vervang.

Wysiging van artikel 12 van Wet 84 van 1976, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 26 van 1977.

**10.** Artikel 12 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, word hierby gewysig—

*(a)* deur in die woorde wat paragraaf *(a)* van subartikel (1) voorafgaan die woorde „of gekonsolideerde pensioen" te skrap;

*(b)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(a)* in die geval van die dood van 'n lid wat 'n pensioen ontvang **[of van iemand wat 'n gekonsolideerde pensioen ontvang]**, tot en met die laaste dag van die maand waarin sodanige lid **[of sodanige persoon]** te sterwe kom;";

*(c)* deur paragrawe *(c)* en *(f)* van subartikel (1) te skrap; en

*(d)* deur in paragraaf *(a)* van subartikel (4) die woorde „of 'n gekonsolideerde pensioen" te skrap.

Wysiging van artikel 14 van Wet 84 van 1976, soos vervang deur artikel 8 van Wet 26 van 1977.

**11.** Artikel 14 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf *(a)* van subartikel (1) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet kan enigiemand wat **['n gekonsolideerde pensioen ontvang of]** op 'n pensioen of gratifikasie aanspraak maak en wat—".

Wysiging van artikel 19 van Wet 84 van 1976, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 26 van 1977 en artikel 23 van Wet 29 van 1979.

**12.** Artikel 19 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde „of gekonsolideerde pensioen", waar hulle ook al voorkom, te skrap.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Insertion of section 4A in Act 84 of 1976.

**6.** The following section is hereby inserted in the Military Pensions Act, 1976, after section 4:

"Payment of pensions instead of consolidated pensions.

**4A.** The payment to any person of a consolidated pension within the meaning of this Act prior to the amendment thereof by the Pension Laws Amendment Act, 1980, shall with effect from 1 April 1980 be discontinued and in its stead there shall be paid to such a person such pension contemplated in section 4 as may be designated by the Minister: Provided that the pension payable to such a person shall amount to not less than the consolidated pension that would otherwise have been payable to him on that date.".

Amendment of section 5 of Act 84 of 1976.

**7.** Section 5 of the Military Pensions Act, 1976, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) If a pension is awarded to any member in terms of section 4 *(a)* within a period of 40 months after a gratuity has been paid to him in terms of subsection (1) of this section, any pension or pensions paid to him in terms of paragraph *(a)* or paragraphs *(a)* and *(b)* of section 4 shall be reduced by one fortieth of the amount of the gratuity which was so paid to him up to and including the last day of the fortieth month after **[that reduction was first made]** the member became entitled to the said gratuity or until the date on which such pension or pensions is or are discontinued, whichever date is the earlier.".

Repeal of section 8 of Act 84 of 1976, as amended by section 4 of Act 26 of 1977.

**8.** Section 8 of the Military Pensions Act, 1976, is hereby repealed.

Amendment of section 11 of Act 84 of 1976.

**9.** Section 11 of the Military Pensions Act, 1976, is hereby amended by the substitution in paragraphs (i) and (ii) of subsection (3) for the expression "formula IV" of the expression "formula I".

Amendment of section 12 of Act 84 of 1976, as amended by section 6 of Act 26 of 1977.

**10.** Section 12 of the Military Pensions Act, 1976, is hereby amended—

*(a)* by the deletion in the words preceding paragraph *(a)* of subsection (1) of the words "or consolidated pension";

*(b)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* in the case of the death of a member receiving a pension **[or of any person who receives a consolidated pension]**, up to and including the last day of the month in which such member **[or such person]** dies;";

*(c)* by the deletion of paragraphs *(c)* and *(f)* of subsection (1); and

*(d)* by the deletion in paragraph *(a)* of subsection (4) of the words "or a consolidated pension".

Amendment of section 14 of Act 84 of 1976, as substituted by section 8 of Act 26 of 1977.

**11.** Section 14 of the Military Pensions Act, 1976, is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of subsection (1) of the following words:

"(1) Subject to the provisions of this Act any person who **[is in receipt of a consolidated pension or]** lays claim to a pension or gratuity and who—".

Amendment of section 19 of Act 84 of 1976, as amended by section 9 of Act 26 of 1977 and section 23 of Act 29 of 1979.

**12.** Section 19 of the Military Pensions Act, 1976, is hereby amended by the deletion in subsection (2) of the words "or consolidated pension" wherever they appear.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Wysiging van artikel 21 van Wet 84 van 1976, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 26 van 1977.

**13.** Artikel 21 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(c)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(c)* op 'n lid of iemand wat op 'n voordeel ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens artikel **[2 (1) van die Wysigingswet op die Pensioenwette, 1974 (Wet No. 15 van 1974)]** 11 (1) van die Algemene Pensioenwet, 1979 (Wet No. 29 van 1979), geregtig is."; en

*(b)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(a)* wat nie **['n gekonsolideerde pensioen ontvang]** 'n persoon bedoel in artikel 4A is nie; en".

Wysiging van artikel 26 van Wet 84 van 1976.

**14.** Artikel 26 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, word hierby gewysig deur subartikel (2) te skrap.

Wysiging van artikel 1 van Wet 90 van 1978, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 66 van 1979.

**15.** Artikel 1 van die Wet op Pensioene van Regters, 1978, word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van „salaris" deur die volgende omskrywing te vervang:

„'salaris', behoudens die bepalings van subartikel (2), die jaarlikse salaris en die toelae ingevolge artikel 1 van die Wet op die Besoldiging van Regters, 1978 (Wet No. 91 van 1978), aan 'n regter betaalbaar;"; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

„(2) Indien 'n regter wat afgestaan is vir diens as 'n regter van 'n staat wat voorheen deel van die Republiek was, sterf of aftree of van sy amp onthef word terwyl hy die amp van hoofregter van die Hoërhof van daardie staat in 'n permanente hoedanigheid beklee, word sy salaris by die toepassing van hierdie Wet geag dié van 'n regter-president van 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika te wees.".

Wysiging van artikel 4 van Wet 90 van 1978, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 66 van 1979.

**16.** Artikel 4 van die Wet op Pensioene van Regters, 1978, word hierby gewysig deur subartikels (3) en (4) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

„(3) Aan die weduwee van iemand wat ingevolge 'n wet herroep deur hierdie Wet bydraes aan inkomste betaal het en wat voor die vasgestelde datum as regter afgetree het of van sy amp as regter onthef is en op of na 1 Julie 1974 maar voor 1 April 1980 te sterwe gekom het **[of kom]**, word 'n pensioen betaal van R2 819,30 per jaar plus R281,93 per jaar ten opsigte van elke voltooide jaar ten opsigte waarvan bydraes aldus betaal is **[Met dien verstande dat die pensioen waarop so 'n weduwee kragtens hierdie subartikel geregtig is, nie minder as R4 356 en nie meer as R5 638,60 per jaar bedra nie]**.

(4) Aan die weduwee van iemand wat—

*(a)* ingevolge 'n wet herroep deur hierdie Wet bydraes aan inkomste betaal het en wat voor die vasgestelde datum as regter afgetree het of van sy amp as regter onthef is en op of na 1 April 1980 te sterwe gekom het of kom;

*(b)* op of na die vasgestelde datum ingevolge artikel 2 afgetree het of aftree of van sy amp onthef is of word onder die omstandighede in artikel 3 (2) bedoel of te sterwe gekom het of kom terwyl hy die amp van regter beklee,

word met ingang van die eerste dag van die maand wat onmiddellik volg op die maand waarin hy te sterwe kom 'n pensioen betaal wat—

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Amendment of section 21 of Act 84 of 1976, as amended by section 10 of Act 26 of 1977.

**13.** Section 21 of the Military Pensions Act, 1976, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(c)* to a member or any person who is entitled to a benefit under the regulations made under section **[2 (1) of the Pension Laws Amendment Act, 1974 (Act No. 15 of 1974)]** 11 (1) of the General Pensions Act, 1979 (Act No. 29 of 1979)."; and

*(b)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(a)* who is not **[in receipt of a consolidated pension]** a person referred to in section 4A; and".

Amendment of section 26 of Act 84 of 1976.

**14.** Section 26 of the Military Pensions Act, 1976, is hereby amended by the deletion of subsection (2).

Amendment of section 1 of Act 90 of 1978, as amended by section 1 of Act 66 of 1979.

**15.** Section 1 of the Judges' Pensions Act, 1978, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the definition of "salary" of the following definition:

"'salary' means, subject to the provisions of subsection (2), the annual salary and the allowance payable to a judge in terms of section 1 of the Judges' Remuneration Act, 1978 (Act No. 91 of 1978);"; and

*(b)* by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):

"(2) If a judge who has been seconded for service as a judge of a state which formerly formed part of the Republic dies or retires or is removed from office while holding the office of chief justice of the High Court of such state in a permanent capacity, his salary shall for the purposes of this Act be deemed to be that of a judge president of a provincial division of the Supreme Court of South Africa.".

Amendment of section 4 of Act 90 of 1978, as amended by section 4 of Act 66 of 1979.

**16.** Section 4 of the Judges' Pensions Act, 1978, is hereby amended by the substitution for subsections (3) and (4) of the following subsections, respectively:

"(3) To the widow of any person who in terms of any law repealed by this Act paid contributions to revenue and who retired from office as a judge or was removed from office as a judge before the fixed date and who died **[or dies]** on or after 1 July 1974 but before 1 April 1980, there shall be paid a pension of R2 819,30 per annum plus R281,93 per annum in respect of each completed year in respect of which contributions were so paid **[Provided that the pension to which such widow shall be entitled under this section shall amount to not less than R4 356 and not more than R5 638,60 per annum]**.

(4) To the widow of any person who—

*(a)* in terms of any law repealed by this Act paid contributions to revenue and who retired from office as a judge or was removed from office as a judge before the fixed date and who died or dies on or after 1 April 1980;

